

Die moeilê in die moue

BENODIGHEDE: 5(5; 6; 6; 7) bolle Patons Cotton Top (50-g-bolle); 'n paar elk breinaalde van 3,25 mm en 5,50 mm.

MATE: Om borsmaat van 81(86; 91; 97; 102) cm te pas; lengte, in middel van agterpant gemeet, 55(55; 56; 57; 58) cm; mounaat 18 cm.

SPANNING: 15 ste en 24 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek op 5,50-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; pat - patroon; st(e) - steek(steke); beg - begin; alt - alternatiewe; herh - herhaal; tes - tesame; vermeer - vermeerder (= deur twee keer in dieselfde steek te brei); vermin - verminder (= deur twee steke saam regs of aweregs te brei); grn - garing rondom naald; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; enkelrif - enkelrifsteek (= brei deurgaans een steek regs, een steek aweregs); vlg - volgende; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor).

AANWYSINGS: Dié trui word aaneengebrei, deur by die riffelboord van voorpant te begin.

Stel 78(82; 86; 90; 94) ste op met 3,25-mm-breinaalde en brei 9 cm enkelrif. Eindig met VK voor.

Vlg ry: Vermin 16(16; 17; 18; 19) ste eweredig gespaseer oor dié ry — 62(66; 69; 72; 75) ste.

Slaan oor na 5,50-mm-breinaalde en brei voort in pat soos volg:

1e, 3e en 5e ry: r1, *grn, r2tes; herh van * tot laaste st, r1(1; 0; 1; 0).

2e en alle ewe rye: Deurgaans aw.

7e, 9e en 11e ry: r1, *grtgo, grn; herh van * tot laaste st, r1(1; 0; 1; 0).

12e ry: Deurgaans aw.

Dié 12 rye vorm die patroon.

Brei reguit voort in patroon tot werk 34 cm lank is vanaf beg en eindig met VK voor.

Mouvorming: Stel 30 ste lossies op aan beg van vlg 2 rye — 122(126; 129; 132; 135) ste. Hou pat deurlopend korrek en brei reguit voort tot werk 55(55; 56; 57; 58) cm lank is vanaf beg en eindig met 'n 5e of 11e ry, met, VK voor.

Halsvorming: **Vlg ry:** Brei 44(45; 46; 47; 48) ste pat, heg 34(36; 37; 38; 39) ste lossies af en brei pat tot einde.

Vlg ry: Brei 44(45; 46; 47; 48) ste pat, stel 34(36; 37; 38; 39) ste op en brei pat tot einde.

Hou pat deurlopend korrek en brei reguit voort tot mou 42(42; 44,5; 44,5; 47) cm lank is vanaf opstelrand van mou.

Heg aan beg van vlg 2 rye 30 ste af, brei reguit voort tot agterpant met voorpant ooreenstem tot by riffelboord en eindig met VK voor.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde, vermeer 16(16; 17; 18; 19) ste eweredig gespaseer oor vlg ry — 78(82; 86; 90; 94) ste. Brei 9 cm enkelrif.

Heg rifsgewys af.

AFWERKING: Werk sy- en mounate toe. Rol mouboordjies 'n paar keer om na regte kant en glipsteek vas by mounaat en skouer. Moenie pars nie.

